
**Hardoplees P. 82-84**

**Dinsdag 28 April 2020**



# 24. Bok en Haas gaan boer (volksverhaal)

## 'n Storie uit Limpopo, Suid-Afrika

Lank gelede toe Bok en Haas nog vriende was, het hulle besluit om boere te word. Dit het na 'n goeie idee geklink. Pleks daarvan om al hul tyd in die veld deur te bring om na kos te soek, sou hulle een maal per dag kon afstap na hulle landerye om daar ietsie te eet.

Bok en Haas het die landerye in twee dele verdeel en elkeen het na sy eie stuk grond gekyk.



In die begin het alles goed gegaan. Die twee vriende het elke dag in hulle landerye gaan werk en na hulle mielies omgesien. Maar eendag kom Bok by sy mielies en sien dat iemand daarvan geëet het.

"Dit was nie ek nie," sê Haas. "Ek sal dit nooit doen nie!"

Die volgende dag sien Bok weer dat iemand sy mielies geëet het.

Weer sê Haas: "Dit was nie ek nie! Ek sal nooit so iets doen nie!"

Bok het nie vir Haas geglo nie. Haas was spekvet en gesond – en nie baie honger nie. Bok besluit om by sy mielies wag te hou.

Daardie nag het Bok stilletjies onder 'n boom gewag totdat hy iets in sy mielieland sien beweeg het. Dit was Haas!



"Jou skelm!" skree Bok. "Jy het my mielies gesteel! Jy het vir my gejok! Jy het ons vriendskap gebreek. Gaan weg! Nou gaan jy vir altyd sonder 'n huis wees!"

Haas was baie jammer oor wat hy gedoen het. "Ek sal gaan soek na goeie dinge wat ek kan doen," het hy vir homself gesê. "Miskien sal Bok dan weer vir my 'n huis gee."

Die eerste mense wat Haas raakloop is dansers. Hulle dans en dans, slaan op hulle tromme en stamp met hulle voete.

Hul arme hoenders het net klippe om te eet. "Julle moet vir julle hoenders graan gee om te eet," het Haas gesê. "Anders sal hulle nooit eiers lê nie."

Die dansers het so gemaak en hulle hoenders het so vet geword en so baie eiers gelê dat die dansers bly was dat hulle Haas leer ken het.

Die volgende dag ontmoet Haas mense wat grasklere dra en baie koud kry. "Julle moet vir julle klere van vel maak," sê Haas. Dan sal julle in die winter warm wees."

Die mense maak toe klere van velle en dit is waar. Hulle het in die winter warmer gekry. Hulle was bly dat hulle Haas leer ken het.



Toe ontmoet Haas pottebakkers wat besig was om klei bymekaar te maak om potte van te maak.

"Julle moet die klei rol sodat dit soos slange lyk," het Haas gesê. "So kan julle sterker potte maak."

Die pottebakkers het dit so gedoen en dit was die sterkste potte wat hulle nog ooit gemaak het. Hulle was bly dat hulle Haas leer ken het.

Toe Bok hoor van al die goeie dinge wat Haas gedoen het, het hy weer vir Haas toegelaat om 'n huis te hê.



"Maar dit moet 'n klein huisie en 'n arm huisie wees, en dit sal onder die grond moet wees," het Bok gesê.

En dit is tot vandag nog so.

*Oorvertel deur prof. Mawasara*